

10 Julie 2013

**Skrifgedeelte: Johannes 3:1-8**

**Fokusgedeelte: Johannes 3:8**

### **Die misterie van wedergeboorte is soos die wind**

Jesus het die misterie van ons wedergeboorte vergelyk met die misterie van wind wat "... waai waar hy wil. Jy hoor sy geluid, maar jy weet nie waar hy vandaan kom en waar hy heen gaan nie."

Waarom die klem op die hóór van die geluid? Want dit is ons eerste sintuiglike waarneming van wind wat opkom. Jy hoor die wind in die blare van die bome ritsel, jy hoor dit om die hoeke van jou huis loei. Jy kan ewe beskut in jou huis sit en tog aangegryp word deur die geluid wat deur die krag van wind veroorsaak word. Net so word wedergeboorte altyd deur die hóór van Gods Woord voorafgegaan. Dis 'n soort hóór wat dieper as die verstand gaan, dit gryp in die hart en verwek nuwe geestelike lewe by die hoorder. Nikodemus, "die bekende leermeester van Israel" (vs. 9), het dit nie geweet nie, Jesus moes dit vir hom kom leer.

Jesus het dit ook vir my en jou kom leer, want "so gebeur dit met elkeen wat uit die Gees gebore is". Daar is nie uitsonderings moontlik nie. Sonder wedergeboorte kan my geestelike oë nie oopgaan om die koninkryk van God te "sien" nie (vs. 3). En sonder wedergeboorte sal daar ook nie by my 'n verlange wees om in die koninkryk van God te "kom" nie (vs. 5). Deur die verandering van my hart sal ek weet dat dit nie ekself is nie, maar God wat my 'n nuwe mens gemaak het.

Daarom getuig ons ook: "Dit is 'n volkome bonatuurlike, baie kragtige en tegelyk baie aangename, wonderlike, verborge en onbeskryflike daad van God" (DL 3/4:12).

*Sing: Skrifberyming 8:1, 2*

*Ds. JA Schutte (Sasolburg)*